

Hoofstuk van die dag: Handelinge 15

> *Nee! Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word. (vers 11)*

Ek dink nie ons kan régtig verstaan hoe ’n groot besluit in Handelinge 15 geneem is nie, en nog minder hoe moeilik dit vir

die Joodse gelowiges moes gewees het om af te sien van hulle aandrang dat gelowiges uit die heidene eers besny moes word (en dus Jode word, met alles wat dit inhou) voordat hulle gered kon word. Die Joodse wette en reinigingsgebruike is immers vir hulle met moedersmelk ingegee, en nou sê Paulus en Barnabas dit is nie nodig as jy die Here wil volg nie.

Om hierdie besluit te kon neem, het niks minder nie as 'n radikale nuwe verstaan van wat geloof is, vereis. Christus alleen. Net die genade van die Here Jesus. Nie jou Joodsheid, jou herkoms, jou wetsonderhouding nie, net Christus.

Paulus beskryf later sy geloof só: "Al wat ek wens, is om Christus te ken …" (Fil. 3:10)

Ons is vandag nog in die versoeking om ander sake só te verhef dat dit die fokus op die Here Jesus verduister. Van die vroegste tye af moes die kerk haar teen hierdie dwaling verweer, en dit is nou nog so. Jesus alleen!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026